

Maak voorsiening vir jou geliefdes ná jou dood: HOEKOM JY 'N SKRYFTELIKE TESTAMENT MOET HÊ





Ek het met Johannes gepraat oor 'n testament, maar hy wil niks weet nie. As hy nie 'n gesamentlike testament wil maak nie, sal ek my eie een skryf.

Testamente is nie regtig deel van ons kultuur nie. Maar dit is baie belangrik. Onthou jy wat met Katriena gebeur het toe Simon dood is?



Simon is in 'n motorongeluk dood. Hy het nie 'n testament gehad nie. Sy familie het twee dae ná sy dood na sy huis toe gekom en al sy goed tussen hulle verdeel. Katriena, die ma van Simon se kinders, het niks gekry nie. Nou het hulle nie 'n blyplek nie, en sy kan nie eers vir die kinders skoolklere koop nie.

Wat is 'n testament?

'n Testament is 'n wettige, skriftelike dokument wat jy vrywillig maak, waarin jy sê wat moet met jou besittings gebeur, wie vir jou minderjarige kinders moet sorg, en wie die eksekuteur moet wees wat jou besittings ná jou dood moet verdeel.

Wie kan 'n testament maak?

Jy kan 'n testament maak as jy 16 jaar of ouer is. Jy moet weet en verstaan wat jy doen. Jy mag nie 'n testament maak as jy, wanneer jy die testament maak, nie verstandelik in staat is om besluite te neem nie.

Wat kan jy doen as mense ná iemand se dood die testament ignoreer?

Elke testament moet 'n eksekuteur hê. Die eksekuteur is die persoon wat die besittings in die boedel hanteer en seker maak dat die boedel behoorlik verdeel word volgens die testament. As jy dink die eksekuteur hanteer nie die boedel reg nie, moet jy 'n klag indien by die Meester van die Hoërhof.

As iemand sonder 'n testament sterf, kan jy by die Meester van die Hoërhof aansoek doen (as die boedel meer as N\$100 000 werd is) of by die Landdroshof (as die boedel N\$100 000 of minder werd is) dat 'n eksekuteur aangewys word om die boedel te hanteer.



Gisteraand het my vrou voorgestel dat elkeen van ons 'n testament moet maak. Sy's mal! Ek wil nie 'n testament hê nie.



Jou vrou is reg. Ons weet altwee hoe moeilik die lewe is. As jy nie 'n testament het nie, maak jy die lewe vir jou vrou en jou kinders nog moeiliker. Wil jy hê hulle moet swaarkry as jy doodgaan?

Ses redes hoekom dit belangrik is om 'n testament te maak:

1. As jy 'n testament het, word jou besittings volgens jou wense verdeel. Jy kan seker maak dat almal weet wat JY met JOU goed wil doen.
2. Jy kan besluit wie vir jou kinders moet sorg. As albei ouers sonder testamente sterf, sal jou uitgebreide familie of die hof moet besluit wie vir die kinders verantwoordelik sal wees.
3. Jy kan 'n deel van jou besittings as geskenke bemaak aan die mense wat jy liefhet, soos lede van die uitgebreide familie. As jy 'n lys maak van WIE WAT moet kry, kan daar geen geskil daarvoor wees nie.
4. As jy nie 'n testament het nie, sal dit langer neem om jou besittings te verdeel. Dit kan beteken dat die mense wat die besittings nodig het, kan swaarkry terwyl hulle wag vir die verdeling van die bates.
5. As jy sonder 'n testament sterf, en geen familie het nie, sal jou geld na die Staat toe gaan.
6. Jou begrafniskoste kan nie ten volle deur die boedel betaal word as dit nie so in die testament aangedui word nie. Dit sal beteken dat die koste van byvoorbeeld die grafsteen en die grafsteenonthulling deur die familie betaal moet word en nie deur die boedel nie.





Ons het besluit as ek en my vrou altwee sterf, my ma vir ons kinders sal sorg. My ma sal ons huis verkoop en die geld gebruik om die kinders te versorg.

As jy dit nie in 'n testament geskryf het nie, is daar geen bewys dat dit is wat jy wil hê nie. Jou ma sal moet hof toe gaan en die landdros vra vir 'n hofbevel wat sê sy is jou kinders se voog. Dit sal tyd en geld kos. Onthou, jou ma bly in 'n nedersetting, ver van die hof af.



Sonder 'n testament kan jou ma nie die eiendom verkoop as die hof nie toestemming gee nie (of die Meester in die geval van duurder huise). En die Voogdefonds van die Meester van die Hoërhof sal die geld vir die kinders beheer. 'n Toelaag sal elke kwartaal betaal word aan die persoon wat vir die kinders sorg.



Dis 'n klomp ekstra werk. My ma is oud en sy sal nie so wil sukkel nie. Miskien moet ek tog maar 'n testament maak.

Ja, dit sal die beste wees.



Hoe maak 'n mens 'n testament?

Baie mense vra 'n prokureur of iemand by hulle bank om hulle te help met 'n testament. Jy kan self ook 'n testament skryf. Maar jy moet onthou, as jy die testament nie reg skryf nie, sal dit nie geldig wees nie. Die meeste mense kry maar iemand om hulle te help om 'n testament te maak.



Sê nou ek verander van plan oor vir wie ek wat wil gee?

Jy kan jou testament enige tyd verander. Maar elke keer wanneer jy dit doen, moet jy dieselfde prosedure volg as vir jou testament - jy en getuies moet elke verandering onderteken.



Kan ek my testament kanselleer?

Ja, jy kan. As jy 'n nuwe testament maak, sê jy daarin dat dié testament jou vorige testament kanselleer. As jy dit nie doen nie, moet die twee testamente saam gelees word. As hulle verskil, aanvaar die meester gewoonlik die laaste testament wat jy gemaak het. Maar dit is altyd die beste om in jou nuwe testament te sê dat dit al jou vorige testamente kanselleer.

Wat behoort in 'n testament te wees?

Jy kan enige van die volgende goed doen:

1. **Sê wie sekere artikels van jou besittings moet kry.**
(Byvoorbeeld, "Ek bemaak my trouing aan my dogter, Rita.")
2. **Die mense benoem wat saam jou besittings sal erf.**
(Byvoorbeeld, "Die res van my besittings moet in gelyke dele tussen my kinders verdeel word.")
3. **'n Voog aanstel om vir jou minderjarige kinders te sorg.**
(Byvoorbeeld, "Ek benoem my suster Ellen om vir my kinders te sorg.")
4. **'n Eksekuteur aanstel om toesig te hou oor die betaling uit jou eiendom van alle skuld wat jy het ten tye van jou dood, en toesig te hou oor die verdeling van die res van jou besittings.**
(Jy kan sê dat iemand anders die eksekuteur kan bystaan as dit nodig is. Dit is goed om 'n tweede eksekuteur te benoem vir ingeval die eerste eksekuteur voor jou sterf of nie sy/haar pligte as eksekuteur kan uitvoer nie.)

Basiese besonderhede van wat in jou testament moet wees

Persoonlike en familie-besonderhede

1. Jou volle naam, ouderdom, identiteitsnommer en permanente adres.
2. Jou huwelikstaat en of jy binne of buite gemeenskap van goedere getroud is, en ook die naam van jou huwelikmaat en sy/haar identiteitsnommer.
3. Die naam, geslag en ouderdom van elk van jou kinders, en of elke kind alleenlopend of getroud is. Besonderhede oor wie die versorger en voog van jou minderjarige kinders moet wees.
4. Besonderhede van die mense wat sal erf. Besonderhede van wat hulle sal erf.
5. Die naam en besonderhede van die eksekuteur (die persoon wat die testament hanteer en wat verantwoordelik is om die boedel af te handel en seker te maak dat die besittings behoorlik verdeel word).

Besigheids- en finansiële besonderhede

1. Jou persoonlike finansiële posisie (byvoorbeeld wat jy besit, hoeveel geld jy skuld en jou polisse, soos 'n lewensversekeringspolis).
2. Jou en jou huwelikmaat se inkomstebelastingnommers.
3. Jou werkbepoelings, bystand- of pensioenfondse begunstigdes en adres van werkgewer.
4. Jou besigheidsbesonderhede en pligte (byvoorbeeld die name en adresse van besigheidsvennote, en opdragte of jou besigheid verkoop moet word of moet voortgaan).

Wat om te doen as die testament klaar is

1. Gee jou testament vir 'n betroubare vriend, pastoor, kerkouderling, prokureur of bankbestuurder, of bêre dit op 'n veilige plek. Maak seker dat die begunstigdes van jou testament weet waar die testament gebêre word. Hulle sal die oorspronklike, getekende dokument nodig hê as jy sterf.
2. Pas die testament gereeld aan om voorsiening te maak vir veranderings in jou omstandighede, soos 'n huwelik, geboorte van kinders of die koop van 'n huis of grond.

Vereistes vir die geldigheid van 'n testament

Dit is baie belangrik om die volgende vereistes noukeurig na te kom, anders sal die testament nie geldig wees nie:

1. Die testament moet 'n skriftelike dokument wees en onderaan volledig onderteken wees deur die persoon wat die testament maak. Dit is goed as die testament ook 'n datum onderaan het.
2. Die persoon wat die testament maak, mag dit met 'n merk onderteken, soos 'n duimafdruk, maar 'n Kommissaris van Ede, soos 'n polisiebeampte of 'n bankbestuurder, moet sertifiseer dat hy/sy seker is van die identiteit van die persoon wat die testament onderteken en dat die dokument wel die persoon se testament is.
3. 'n Ander persoon mag die testament onderteken namens die persoon wat die testament maak. Dit kan gebeur as die persoon wat die testament maak, nie sy/haar hande kan gebruik om die testament te onderteken nie (byvoorbeeld as die persoon gestrem is). Die persoon wat die testament onderteken en sy/haar huweliksmaat mag nie begunstigdes in die testament wees nie.
4. Die testament moet onderteken of die merk aangebring word in die teenwoordigheid van twee getuies.
5. Die getuies moet minstens veertien jaar oud en by hulle volle verstand wees. Hulle mag niks uit die testament ontvang nie, en mag nie die benoemde voogde van die kinders of die eksekuteurs van die testament wees nie.
6. Die getuies moet die testament onderteken nadat hulle gesien het dat die persoon wat die testament maak, dit onderteken het. Die getuies moet die testament onderteken in die teenwoordigheid van die persoon wat die testament maak en in mekaar se teenwoordigheid. Die getuies moet hulle name voluit teken. Hulle mag nie voorletters of 'n merk gebruik nie.

As die testament langer as een bladsy is, moet die persoon wat die testament maak en dieselfde getuies al die bladsye volledig onderteken. As die Kommissaris van Ede 'n testament gesertifiseer het wat met 'n merk onderteken is, moet dieselfde Kommissaris ook al die bladsye onderteken.

My kinders sal voordele uit my testament kry as ek sterf. Hulle is die **BEGUNSTIGDES**.

My bure, Selma en Theo, sal getuies van my testament wees. Hulle is daar om seker te maak ek verstaan wat ek doen en dat ek dit self teken. Hulle is die **GETUIES**.

Ek benoem my oom Jan as die **EKSEKUTEUR** van my testament. Hy sal seker maak dat die begunstigdes kry wat hulle toekom. As oom Jan voor my sterf, sal my suster Hilda die eksekuteur wees.

Ek benoem my suster Mara en my niggie Tina as die **VOOGDE** van my kinders. Hulle ken hulle en is lief vir hulle. Hulle sal vir die kinders sorg en na hulle alledaagse behoeftes omsien.

Ek is Ester. Ek skryf my testament. Ek is die **TESTATEUR**.





Nou weet ek hoekom dit so belangrik is om 'n testament te maak. Kom ons maak een.

Ek is baie bly. Baie dankie!



SES REDES HOEKOM DIT BELANGRIK IS OM 'N TESTAMENT TE MAAK:

1. As jy 'n testament het, word jou besittings volgens jou wense verdeel. Jy kan seker maak dat almal weet wat JY met JOU goed wil doen.
2. Jy kan besluit wie vir jou kinders moet sorg. As albei ouers sonder testamente sterf, sal jou uitgebreide familie of die hof moet besluit wie vir die kinders verantwoordelik sal wees.
3. Jy kan 'n deel van jou besittings as geskenke bemaak aan die mense wat jy liefhet, soos lede van die uitgebreide familie. As jy 'n lys maak van WIE WAT moet kry, kan daar geen geskil daaroor wees nie.
4. As jy nie 'n testament het nie, sal dit langer neem om jou besittings te verdeel. Dit kan beteken dat die mense wat die besittings nodig het, kan swaarkry terwyl hulle wag vir die verdeling van die bates.
5. As jy sonder 'n testament sterf, en geen familie het nie, sal jou geld na die Staat toe gaan.
6. Jou begrafniskoste kan nie ten volle deur die boedel betaal word as dit nie so in die testament aangedui word nie. Dit sal beteken dat die koste van byvoorbeeld die grafsteen en die grafsteenonthulling deur die familie betaal moet word en nie deur die boedel nie.

Hierdie strokiesprent is ontwikkel deur gebruik te maak van inligting van die publikasie van die LAC se Aids Law Unit, **Die skryf van 'n testament en erflating in Namibië**. Raadpleeg gerus hierdie publikasie vir meer inligting.



Die Aids Law Unit kan mense help om 'n testament te maak. As jy hulp nodig het met die maak van 'n testament, kontak gerus die Aids Law Unit.

As jy 'n testament wil maak, kan jy 'n prokureur of 'n bank kontak, of jy kan jou testament self maak, maar onthou dat die testament reg opgestel moet wees. As dit nie reg is nie, sal die testament nie geldig wees nie.

Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.

SMS: 081-6000098
E-pos: info@lac.org.na
Faks: 088-613693

Posadres: Posbus 604 Windhoek

Hierdie strokiesprent mag vir opvoedkundige doeleindes gedupliseer word, maar die bron moet vermeld word.

Let asseblief daarop dat die Legal Assistance Centre jou nie noodwendig met bepaalde besonderhede oor die maak van jou testament sal kan help nie.

Elektroniese weergawes van hierdie strokiesprent en die publikasie van die LAC Aids Law Unit, **Die skryf van 'n testament en erflating in Namibië** is beskikbaar op die LAC-webwerf: www.lac.org.na



Teks:
RACHEL COOMER
Vertaling:
LOCHNA MEESEER

Illustrasies, ontwerp en uitleg:
DUDLEY VIALI en PERRI CAPLAN

Projekbestuur:
RACHEL COOMER en DIANNE HUBBARD

Drukwerk:
JOHN MEINERT PRINTING (EDMS) BPK

Finansiering:
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN
BUITELANDSE SAKE, MDG3-FONDS

Uitgewer:
GENDER RESEARCH & ADVOCACY PROJECT,
LEGAL ASSISTANCE CENTRE, 2011